Netbal

Ons het ‘n baie voorspoedige 2016-netbalseisoen beleef. Vier O/18-spanne, drie O/17-spanne, drie O/16-spanne, drie O/15-spanne en vier O/14-spanne het aan sportdae deelgeneem. ‘n Opregte woord van dank aan Suzette Visser en Wanda Lesch wat die O/14A- en B-spanne te midde van ‘n besige skedule afgerig het. Die O/14A-span het besonder goed gevaar. Baie geluk ook aan die O/16A-, O/17A- en O/18-spanne met ‘n puik seisoen en weghol-oorwinnings tydens interskole. Dankie ook aan Belinda Brettschneider vir haar afrigtingshulp by die O/15B- en 16C-spanne, Elba Ritter vir haar afrigtingshulp by die O/14C- en O/14D –spanne, asook Surita Venter vir haar afrigtingshulp by die O/15A- en O/16B-spanne.

Baie dankie aan Sarah Fabri, Lize Wiggins, Maggie Smith, Surieta Burger en Karin Smit vir die hulp, toewyding en betrokkenheid by ons skool se netbal. Dankie aan Mariëtte Burger wat getrou by die administratiewe tafel help. Julle is al sinoniem met HSS en dit word hoog op prys gestel

Aan mevv. Christine Bester en Jolyn du Plessis wil ons ‘n spesiale woord van dank en waardering rig. Julle het ongelooflik baie tyd in die O/18A- en O/18B-spanne belê en diep in hulle harte gekruip. Die A-span het uitstekende netbal dwarsdeur die seisoen gespeel en het vir die jonges ‘n voorbeeld gestel. Die interskole wegholoorwinning van 34 doele was waarlik die hoogtepunt van die seisoen en sal ons altyd bybly. Baie dankie ook aan Sarah Fabri wat hierdie jaar as skeidsregter vir die O/18A span opgetree het en ook vir die insette wat u by die skool lewer ten opsigte van skeidsregterafrigtingsessies en –eksamens.

Vir elke bydrae wat iemand van buite gemaak het – al is dit met tellinghou – dit word raakgesien. Baie dankie – ons kan nie sonder julle nie.

Baie dankie aan Nelia Kirsch en haar span van Pick ‘n Pay, ons borge van die O/18A-span - wat op groot skaal betrokke geraak het by Swartland Netbal en wat beoog om dit verder uit te brei. Hulle het alreeds ‘n elektroniese tellingbord op die baan aangebring. Dankie vir die bederf van ons dogters tydens wedstryde. Dit word baie waardeer.

Pick n Pay

Die volgende dogters is verkies tot die Weskusspanne wat in Oudtshoorn aan die interdistrikstoernooi deelgeneem het tydens die Junievakansie. Ons is trots op julle!

WESKUSSPAN:

Michaela vd Westhuizen

Kelsey Ziegers

Liezel van der Merwe

Mariëtte Brand

Eska Krieling

Chloë Gouws

Stephany McKrieling

Altea Eksteen

WES-KAAPSPAN:

Yamkela Nondabula **Lebogang Masinga**